
**Deur President Thomas S. Monson**



# Die Wêreld Het Vandag Pioniers Nodig

Vir baie het die pionier trek van 1847 nie in Nauvoo, Kirtland, Far West of New York begin nie, maar in verafgeleë Engeland, Skotland, Skandinavië of Duitsland. Klein kindertjies kon nog nie volkome die dinamiese geloof verstaan wat hulle ouers gemotiveer het om familie, vriende, gerief en sekuriteit agter te laat nie.

'n Klein kindjie mag dalk gevra het, "Mamma, hoekom moet ons ons huis verlaat? Waarheen gaan ons?

"Kom my kosbare klein kindjie; ons gaan na Sion, die stad van ons God."

Tussen die veiligheid van hulle huise en die belofte van Sion, het die ontstuimige en gevaarlike waters van die almagtige Atlantiese Oseaan gestaan. Wie kan die vrees herroep, wat die mense hart gedurende daardie gevaarlike kruisings aangegryp het? Aangehits deur die stille fluisteringe van die Gees, en onderhou deur 'n eenvoudige, tog blywende geloof, het daardie pionier Heiliges in God vertrou en die seile gespan en met hul reistog begin.

Hulle het uiteindelik in Nauvoo aangekom, om daar te ontdek dat hulle nou weer die beproewinge van die trek sal moet aandurf. Grafstene van salie en klip, merk die hele roete vanaf Nauvoo tot en met Salt Lake City. So was die prys wat sommige pioniers moes betaal het. Hulle liggame is in vrede begrawe, maar hulle name leef vir ewig voort.

Moë osse het voort gestrompel, wa wiele het gekreun, brawe manne het geswoeg, oorlog dromme het geklink en prêriewolwe het gehuil. Maar die geloof-geinspireerde en storm-gedrewe pioniers het voorentoe gedruk. Hulle het dikwels gesing:

*Kom, Kom julle Heiliges, moet geen swoeg of arbeid vrees nie;*
*Maar met vreugde, gaan julle weg.*
*Alhoewel hierdie reistog vir jou baie moeilik mag wees,*
*Sal jy daagliks genade ontvang. . . .*
*Alles is reg! Alles is reg!*[1]

Hierdie pioniers het die woorde van die Here onthou: "My mense moet in alle dinge beproef word, sodat hulle voorbereid mag wees om die glorie te ontvang wat ek vir hulle het, selfs die glorie van Sion."[2]

Die verbygang van tyd, verdof ons herinneringe en verminder ons waardering vir diegene wie in die paaie van pyn gewandel het, en wie met trane, 'n spoor van naamlose grafte na gelaat het. Maar wat van vandag se uitdagings? Is daar geen rotsagtige paaie om oor te reis nie, geen gebergtes om te klim nie, geen afgronde

om oor te kom nie, geen spoor om te slaan nie, geen riviere om oor te steek nie? Of is daar huidiglik ‘n baie werklike nood vir daardie pionier gees, om ons van die gevare af weg te lei wat dreig om ons te omvou en om ons na ‘n Sion van veiligheid, te lei?

In die dekades sedert die Tweede Wêreld Oorlog, is die standaarde van sedelikheid keer op keer verlaag. Misdaad spiraal opwaards; ordentelikheid kantel afwaards. Vele is op ‘n reusagtige wipwaentjie van rampspoedigheid, opsoek na die opwinding van die oomblik, terwyl hulle die vreugde van die ewigheid opoffer. So gee ons dan ons vrede prys.

Ons vergeet hoe die Grieke en die Romeine op manjefieke wyse in ‘n barbaarse wêreld die oorhand gekry het, en hoe daardie oorwinning geeindig het — hoe ‘n laksheid en ‘n sagtheid hulle oorkom het en uiteindelik tot hulle verderf gelei het. In die einde, wou hulle sekurieit en ‘n gemaklike lewe meer gehad het, as vryheid; en hulle het alle — gemak en sekuriteit en vryheid verloor.

Moenie tot Satan se aanloklikhede ingee nie; staan eerder standvastig vir waarheid. Die onversadige begeertes van die siel sal nie deur die nimmereindigende soektog na vreugde vermag word, te midde van ‘n siddering van sensasie en ondeug nie, Ondeug sal nooit na deugdheid lei nie. Haat sal nooit liefde bevorder nie. Lafhartigheid sal nooit dapperheid aanmoedig nie. Twyfel sal nooit geloof aanspoor nie.

Sommige vind dit moeilik om terging en onaangename aanmerke van dwase mense te weerstaan, wie die spot dryf met sedelikheid, eerlikheid en gehoorsaamheid aan God se gebooie. Maar die wêreld het nog altyd gehoorsaamheid aan beginsels, verkleineer. Toe Noag aangesê is om ‘n ark te bou, het die dwase skare na die wolklose hemelte gekyk en gespot en gelag — totdat die reën begin val het.

Moet ons sulke duur lesse oor en oor leer? Tye verander, maar waarhede bly voort. Wanneer ons nie uit die ondervindinge van die verlede leer nie, word ons verdoem om hulle, met al hulle hartseer, leiding en angs, te herhaal. Het ons nie die wysheid om Hom wie die begin van die einde ken, te gehoorsaam nie — ons Here wie die plan van saligheid ontwerp het — eerder as daardie ou slang, wie die skoonheid daarvan verag nie?

‘n Woordeboek gee die definisie van ‘n pionier as “een wie vooraf gaan om die weg te open of voor te berei vir andere om te volg.”[3] Kan ons op ‘n manier die moed en standvastigheid bymekaar maak wat die pioniers van ‘n vorige generasie besit het? Kan ek en jy, waarlik pioniers wees?

Ek weet ons kan wees. O, hoe die wêreld vandag pioniers nodig het!

**NOTAS**

1. “Kom, Kom, Julle Heiliges,” *Gesang,* no. 30.
2. Leer en Verbonde 136:31.
3. *Oxford Engelse Woordeboek,* 2de uitg. (1989), “pionier.”

---

**LERINGE VANUIT HIERDIE BOODSKAP**

Die geskrifte verduidelik dat tuis besoekers moet “waarsku, verduidelik, vermaan en leer en almal moet nooi om na Christus te kom” (L&V 20:59). Oorweeg om die waarskuwings en uitnodigings in President Monson se boodskap, aan diegene wie julle besoek, uit te wys. Jy mag dalk saam met hulle maniere wil bespreek, om regverdige voorbeelde te herken en na te volg en hoe om van andere se foute te leer en hoe om misleiding te vermy. Vra diegene wie julle leer, hoe hulle vandag pioniers kan wees.

## JEUG

# Aangespoor deur Geloof

**Deur Maggi Earl**

Ek sal nooit vergeet hoe ek op die gronde van Winter Kwartiere, Nebraske, VSA geloop het nie, waar pioniers jare vantevore geleef het. Die grond het heilig gevoel, amper asof ek by‘n buitelug tempel besoek afgelê het.

My oë het met trane gevul, en my visie verdof. Ek het ‘n standbeeld gesien, maar kon nie die figure uit maak nie. Na ek my trane weggevee het, het ek ‘n man en ‘n vrou gesien wie se gesigte vol hartseer was. Soos wat ek nader gekyk het, het ek die liggaampie van ‘n baba in die graf by hulle voete, gesien lê.

Hierdie toneel het my met so baie emosies gevul: hartseer, woede, dankbaarheid en vreugde. Ek wou die pyn wat daardie Heiliges gevoel het, wegneem, maar ek was terselfde tyd ook dankbaar vir dit wat hulle, vir die evangelie opgeoffer het.

My ondervinding by Winter Kwartiere het my gehelp om tot die besef te kom, dat Hemelse Vader die evangelie aan Sy kinders gee, en hulle dan die agentskap gun, om daarmee te doen wat hulle wil. Die ouers van daardie baba, kon gekies het om 'n makliker roete te neem. Maar om die profeet te volg en die evangelie te leef, het vereis dat hierdie pioniers voortgegaan het, selfs wanneer dit beteken het dat hulle, hul kinders moes begrawe het. Hulle het gekies om die evangelie in hulle lewens in te neem en hulle het hulle uitdagings aanvaar. Ek het geleer dat die Heiliges se toewyding aan die evangelie en hulle vasbeslotenheid om vorentoe te beweeg, deur hulle geloof en hoop gedryf is — hoop vir 'n helder toekoms en geloof dat die Here hulle geken het en hulle pyn kon verlig.

*Die skrywer bly in Noord Carolina, VSA.*

## KINDERS

### Wees 'n Pionier

President Monson het gesê dat 'n pionier, iemand is wie die weg aandui, vir andere om te volg. Wat kan jy doen om op te staan vir dit wat reg is, sodat jy 'n pionier vir andere in jou gemeenskap en familie kan wees? Skryf jou antwoorde neer en deel dit met jou familie.

© 2013 by Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12 Vertaling goedkeuring: 6/12. Vertaling van *First Presidency Message, July 2013*. Afrikaans. 10667 501

# Leer en Onderrig die Evangelie

*Met gebed, studeer hierdie materiaal en, indien gepas, bespreek dit met die susters wie jy besoek. Gebruik die vrae om jou te help om jouself en jou susters te versterk en om Vroue Vereniging 'n aktiewe deel van jou eie lewe te maak. Vir meer inligting, gaan na reliefsociety.lds.org.*

**Geloof, Familie, Verligting**

Jesus Christus was die meester leraar. Hy het die voorbeeld vir ons gestel, soos wat Hy "vroue in groepe en as individue geleer het, op die straat, by die kuslyn, by die water put en in hulle huise. Hy het liefdevolle-sagmoedigheid aan hulle getoon en Hy het hulle en hulle familie lede genees."[1]

Hy het Martha en Maria geleer en hulle "genooi om Sy dissipels te word en om deel te hê aan saligheid, 'daardie goeie deel' [Lukas 10:42] wat nooit van hulle af weggeneem sal word nie."[2]

In ons hedendaagse skrifture, beveel die Here ons om "mekaar die leerstellinge van die koninkryk te leer" (L&V 88:77). Cheryl A. Esplin, tweede raadgewer in die Primêre algemene presidentskap, het die volgende gesê, met betrekking tot die leer en onderrig van leerstellinge, "Om te leer hoe om die leerstellinge van die evangelie volledig te verstaan is 'n lewenslange proses en kom 'reël op reël, lering op lering, hier 'n bietjie en daar 'n bietjie' (2 Nefi 28:30)."[3]

Soos wat ons leer, studeer en bid, sal ons met die krag van die Heilige Gees kan leer, wie ons boodskap "aan die harte van die kinders van mense sal dra" (2 Nefi 33:1).

### *Vanuit die Skrifture*

Alma 17:2–3; 31:5; Leer en Verbonde 42:12–13; 84:85

### *Vanuit Ons Geskiedenis*

Ons profete van die verlede het ons as vrouens daaraan herinner dat ons 'n belangrike rol as onderwysers in die huis en Kerk het. In September 1979, het President Spencer W. Kimball (1895–1985) ons gevra om "suster skrifkenners" te word. Hy het gesê: "Word skoliere van die skrifture, nie om andere af te trek nie, maar om hulle op te hef! Wie het 'n groter nood, vir die bymekaar maak van evangeliese waarhede (wat hulle kan oproep in 'n oomblik van nood) as vrouens en moeders, wat so baie opvoeding en onderrig moet verskaf?"[4]

Ons is almal onderwysers en studente. Wanneer ons vanuit die geskrifte en die woorde van ons lewende profete leer, kan ons andere help om na Christus te kom. Wanneer ons aan die onderrig proses deelneem deur betekenisvolle vrae te vra en dan te luister, kan ons antwoorde vind op ons persoonlike belange.

**NOTAS**

1. *Daughters in My Kingdom: The History and Work of Relief Society* (2011), 3.
2. *Daughters in My Kingdom,* 4.
3. Cheryl A. Esplin, "Teaching Our Children to Understand," *Liahona* en *Ensign,* Mei 2012, 12.
4. Spencer W. Kimball, in *Daughters in My Kingdom,* 50.

### *Wat Kan Ek Doen?*

**1.** Hoe is ek besig om voor te berei om 'n beter onderwyser te word?

**2.** Deel ek my getuienis met die susters oor wie ek waak?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12 Vertaling goedkeuring: 6/12. Vertaling van *Visiting Teaching Message, July 2013*. Afrikaans. 10667 501